

PULA IMVUILA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



GRAIN SA
GRAAN SA

AUGUSTUS
2014

Begin reg uit die wegspringblokke!

Graan SA tydskrif vir ontwikkelende boere

Lees Binne:

- 03 | Tydige bestelling van insette vir hierdie plantseisoen
- 06 | Voordele van die aanplant van geneties gemodifiseerde gewasse vir kleinboere
- 08 | 'n NUWE JY – bereik nuwe hoogtes!

Dit is baie belangrik om so vroeg as moontlik al jou aandag te gee aan die lande wat jy beplan om onder mielies te plant in die komende seisoen. Alle grond moet goed voorberei wees en die onkruid teenwoordig op die lande, moet beheer word.

Grondvoorbereiding

Dit is normaalweg 'n vorm van grondbewerking en kan in verskillende kategorieë verdeel word, afhangende van jou unieke benadering vir jou boerdery. Die drie mees algemene vorme van bewerking is:

Konvensionele bewerking

Dit is die mees algemene praktyk vir baie jare waar boere 'n skaarploeg gebruik het vir primêre bewerking, gevolg deur verskeie sekondêre bewerkingsprosesse en nog 'n bewerking sodra die gewas op was en groei. Vandag se moderne boere het tot 'n groot mate wegbeweeg van die gebruik van die skaarploeg. Daar is baie redes hiervoor, maar hoofsaaklik omdat dit geneig is om minimale reste op die oppervlak van die grond te laat, wat die hoeveelheid waardevolle organiese materiaal op die oppervlak van die grond verminder. Daar is gevind dat deur die vermindering van die gebruik van die skaarploeg en die verhoging van organiese materiaal in die grond, die grond baie minder verspoel en die organiese materiaal die grond verryk en dus meer water hou.

Minimum bewerkingspraktyke

Dit word gewoonlik met 'n beitelploeg gedoen en is 'n gewilde bewerkingsproses, omdat dit bewys is dat dit ten minste 15% tot 30% meer reste laat wat die grond bedek.

Bewaringsbewerking

Dit sluit in minimum bewerking, of strookbewerking en geen-bewerking. By geen-bewerking, is daar geen normale bewerkingsprosesse nie en





OUMA JANE SÊ...

Boere het min tyd om te rus – verlede maand was jy nog besig met die oes van die vorige gewas en hier begin jy al weer om voor te berei vir die volgende oes. Dit is die siklus van die lewe en dit moet voortgaan. Hoe geseënd is ons om te weet dat dit weer sal reën en ons weer 'n nuwe gewas kan plant!

'n Baie belangrike aspek van volhoubare boerdery behels die gebruik van 'n goeie wisselboustelsel wat 'n peulgewas insluit. Groter boere is in staat om van 'n aantal verskillende gewasse in 'n wisselboustelsel gebruik te maak, omdat daar 'n mark vir byna enigets is. Maar vir die kleiner boere is dit ook goed indien 'n peulgewas soos bone, verbou kan word wat by die dieet van die familie bygevoeg kan word. Die meeste families eet droëbone en dit kan suksesvol in baie dele van Suid-Afrika verbou word. Peulgewasse is 'n wonderlike keuse vir 'n wisselboustelsel, omdat hulle breëblaargewasse is en mielies 'n gras, wat beteken dat die onkruid wat moeilik is om te beheer by mielies (soos gras), maklik by bone beheer kan word. Die peule vervaardig ook stikstof in die grond wat deur die volgende mielieoes gebruik sal word – op hierdie manier kan jy die kunsmisvereistes verlaag.

Indien jy onseker is oor die aanplant van gewasse (soos boontjies), probeer hulle eers op 'n klein area, sodat jy die gewas kan leer ken en leer hoe om dit volhoubaar en winsgewend te plant.

Boere loop dikwels die risiko van net genoeg geld vir diesel, saad en kunsmis en dan sal hulle die gewas plant sonder chemikalieë en met geen bykomende geld vir topbemesting nie. Dit is baie beter om 'n kleiner area te plant en te weet dat jy genoeg geld het om dit behoorlik te doen, as om 'n groot area te plant en 'n lae opbrengs te behaal. Dit is ook hartseer om te sien dat boere in die versoeking is om meer grond te bekom as wat hul trekkers kan hanteer – dit lei ook tot 'n swak oes, omdat jy alles te laat doen. Plant eerder kleiner en doen alles baie goed en deur goeie opbrengste op kleiner grond te kry, kan jou in staat stel om die wins te behaal wat dit moontlik sal maak om jou besigheid uit te brei.

Gebruik wat jy het baie goed en ontwikkel jou plaas uit winste – dit is die volhoubare roete. 🌱

Begin reg uit die wegspringblokke!

die nuwe seisoen se saad word direk geplaas in die vorige seisoen se oesreste. Ander verminderde bewerkingsmetodes verwys na baie beperkte gebruik van bewerking, byvoorbeeld by strookbewerking word net die smal strook grond waar die gewasry geplant sal word, bewerk. Hierdie bewaringsmetodes sal waarskynlik ten minste 30% reste op die grond laat.

Voordat jy bewaringsbewerking implementeer, oorweeg die volgende:

Dit is belangrik dat boere verstaan dat die verandering aan metodes nie oornag gebeur nie, dit is eerder 'n proses. Een van die belangrikste faktore om te oorweeg, is of daar 'n opbou van 'n ploeglaag in die grond is na jare van die gebruik van konvensionele bewerkingsboerdery praktyke. Dit kan bepaal word deur die grawe van profielgate of deur die gebruik van 'n grondverdichtingsmeter. As daar so 'n laag is, is dit nodig om eers gebreek te word deur middel van 'n skuuraksie op die toepaslike diepte. As dit nie gedoen word nie, sal jy nie die ware voordele van bewaringsboerdery kry nie, omdat die wortels nie so diep sal kan indring as wat hulle behoort nie en sal die grond ook nie die hoeveelheid water hou wat dit sou kon nie.

Natuurlik, vir boere in die kommunale gebiede, is die verskuiwing na hierdie verbeterde metodes van boerdery selfs 'n groter uitdaging, omdat plaaslike vee toegang tot hierdie lande moet kry en al die waardevolle organiese materiaal opvreet wat op die oppervlak van die grond gelaat is. Hierdie probleem sal in die toekoms bestuur moet word, omdat grondgesondheid en grondvog behoud meer krities word terwyl ons leer om variasies in die klimaat en droogte te hanteer en verlaagde reënvalvlakke meer algemeen raak in ons deel van die wêreld.

Omgewingskwessies wat verband hou met grondvoorbereiding

Gronderosie

Die medewerkers van Pula Imvula het herhaaldelik geskryf oor hierdie groot bekommernis oor die omgewing, veral omdat dit 'n groot probleem in Suid-Afrika is. Te min boere besef dat die probleem van kritieke belang is, want dit is die waardevolle bogrond wat ons nodig het om ons produkte te verbou wat elke jaar weggespoel word. Intendeel, dit is ook boere wat selfs bydra tot die krisis deur swak bewerkingspraktyke en grondbestuurpraktyke! Gronderosie is 'n natuurlike proses wat plaasvind wanneer wind of water veroorsaak dat die bogrond verwyder word en elders weggevoer word en dit kan gebeur teen 'n tempo van 'n paar ton grond per hektaar per jaar.

Watererosie

Word veroorsaak deur die afloop van water, of deur die krag van die reëndruppels wat op grond val waar daar geen beskerming van plantmateriaal is nie, dit is erger as wanneer daar wel beskerming op die oppervlak van die grond is.

Winderosie

Dit is 'n spesifieke probleem in winderige gebiede – wat basies die hele Suid-Afrika beskryf, maar is veral erg in die uitgestrekte, wye oop ruimtes van die Vrystaat en Noordwes Provinsie.

Die impak van gronderosie is ernstig en tog is so min boere bekommerd daaroor, omdat hulle nie maklik die verdwyning van hul bogrond kan sien of meet nie. Met verloop van tyd sal daar egter toenemende getuienis daarvan wees:

- Laer vrugbaarheidsvlakke;
- Ontwikkeling van vore en slote in of langs die lande;
- Minder water infiltrasie in die grond;
- Verhoogde korsvorming van die grond; en
- Verhoogde afloop na reën.

Bewaring is die beste bestuurspraktyk om erosie te verminder en as 'n relatief eenvoudige, laekoste praktyk, kan dit 'n groot impak hê op die vermindering van die hoeveelheid bogrond wat weggespoel word.

Onkruidbeheer

Voor planttyd is chemiese onkruidodder noodsaaklik om die onkruid in die saadbed dood te maak wat die gewas sal verdring en sal kompeteer vir water en voedingstowwe in die grond. Onkruid is altyd sterk groeiers en sal die jong plante van die nuwe seisoen se oes oorheers as hulle nie doeltreffend hanteer word nie. (Daar is 'n paar interessante resultate van proewe wat deur Graan SA se Jurie Mentz in KwaZulu-Natal gedoen is in 'n artikel op bladsy 6 deur Gavin Mathews met inligting wat jou sal interesseer in hierdie uitgawe van Pula Imvula).

Onthou altyd, as jy goed wil klaarmaak en 'n wenner op die einde wil wees, is dit net soos 'n atleet wat lank en hard oefen vir 'n baie kort wedren, deur ure van voorbereiding op die baan, in die gimnasium en na sy dieet te kyk, presies dieselfde vir die boer wat die grond moet voorberei, die onkruid bestuur en die mielies versorg regdeur die seisoen tot by oestyd om sukses te ervaar en tot sy volle potensiaal te ontwikkel. 🌱

Artikel verskaf deur Jenny Mathews, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na jenjonmat@gmail.com.



Tydige bestelling van insette vir hierdie plantseisoen

Die oes van jou gewasse is pas afgehandel en ons word reeds gekonfronteer met die besluit oor die insette vir die komende seisoen. Sommige boere het rekordoste vir mielies, sonneblom, sojabone, sorghum en ander gewasse soos grondbone, droëlandboontjies en gebaalde voergewasse vir vee, behaal.

Die opbrengs wat gerealiseer is vir droëlandgewasse wat onlangs geoes is, sal die reënval, asook die toediening van kunsmis, saad, onkruidodders, insekdoders en ander direkte insette wat gebruik is, weerspieël. Besproeiingsboere sal ook bestuurs- en produksie insetfaktore wat nodig is vir regstelling of verbetering, krities moet ontleed.

Dit is altyd verstandig om te kyk na elke produksie inset en in staat te wees om te ontleed of daar meer, of minder, of 'n heel ander produk nodig is, sodat die produksie van die komende oes verfyn en geoptimaliseer kan word.

Die beplanning moet teen die einde van Augustus voltooi wees sodat al die verskaffers van insette genader kan word vir die aanbevole toedieningshoeveelhede en koste daarvan.

Gedetailleerde beplanning

Gedetailleerde beplanning kan gedurende Augustus begin deur te kyk na grondtipes en potensiaal en die presiese area wat onder mielies of ander gewasse aangeplant gaan word. Indien jy nodig het om grondmonsters te neem, moet dit ingehandig word voor die middel van Augustus, sodat jy die resultate vroeg terug kan hê. Die grondlaboratoriums word oorweldig met monsters gedurende hierdie tyd van die jaar. Hierdie inligting kan gebruik word om 'n bruto marge analise voor te berei vir elke gewas. Die inkomste kan bereken word deur potensiële opbrengste en toekomstige Safexpryse te beraam om te bepaal of die gewas winsgewend sal wees.

Die verskillende direkte koste soos saad, kunsmis, onkruidodders en insekdoders moet noukeurig geëvalueer word met die klem op die presiese hoeveelheid van elkeen. Insetkoste per hektaar kan wissel van R5 000 tot R7 000 per hektaar, of meer.

Dit gee in totaal 'n groot belegging van R500 000 tot R700 000 vir elke 100 hektaar geplant.

Saad

Mielieprodusente sal moet kyk na die plantpopulasie met betrekking tot die grondpotensiaal en of GM, of normale mielies geplant sal word. Hierdie keuse sal die betrokke onkruid en plaagbeheer chemikalieë wat nodig is, bepaal. Normale of

bewaringsbewerkingsmetodes sal ook 'n invloed hê op presies wat vereis sal word. GM-mielies word gewaardeer teen sowat R0,04 per pit. Die opbrengs van die verskillende kultivars op jou plaas kan gebruik word om die korrekte kultivars te kies. Vroeë bestelling van saad vanaf die verskaffers sal verseker dat jy 'n gewilde kultivar se saad in die hande kry en met die saadgrootte om jou planters te pas. Dit is baie belangrik om te beplan om nie-Bt meliekultivars te koop wat kontraktueel vereis word om as 'n toevluggebied in of rondom die vernaamste blokke GM-mielies te plant. Dit vertraag die opbou van weerstand teen insette aan die Bt-tipes.

Kunsmis en kalk

Grondmonsters kan deur die boer, landboukundiges en kunsmisagente beoordeel word om die korrekte mengsel stikstof, fosfaat en kalium te gebruik. Kunsmismaatskappye meng toenemend spesifieke persoonlike mengsels vir verskeie lande en gewasse. Dit is dus belangrik om die korrekte produksiekombinasie vir aflewering op jou plaas te koop voordat die ideale planttyd aanbreek. 'n Bottelnek van onafgelewerde bestellings by die fabriek kan baie duur wees indien jy nie jou gewas betyds kan plant nie. Verskillende mengsels en beplanning vir topbemesting van stikstofmengsels in die geval van melieproduksie, moet ook in ag geneem word.

As jy besluit om kalk op 'n paar lande toe te dien, moet hierdie aksie ook gedurende Augustus of September voltooi word met inagneming van heersende grondtoestande.

Onkruid en plaagbeheer

Die beplanning van 'n geïntegreerde

onkruid en plaagbeheer program moet uitgevoer word met die saadtipes en bemestingmetodes wat gebruik sal word. Dit is van kritieke belang om jou lande deur te gaan saam met 'n chemiese konsultant wat die presiese onkruidprobleme in elke land kan identifiseer. Die keuse van 'n spuitprogram sal jou toekomstige wisselbou in ag moet neem om enige chemiese middels van vorige gewasse se skade aan gewasse in jou wisselboustelsel te vermy.

Produksie insetverskaffers

Dit is ook die tyd om jou verhouding met verskillende verskaffers rakende die doeltreffendheid van produkte en die vlak van diens wat ontvang is, te evalueer. Maak seker dat jy soek vir twee of meer kwotasies op alle produkte. Die ideale kombinasie, veral vir chemiese spuitprogramme, verander elke seisoen.

Gevolgtrekking

Beplanning wat betyds gedoen is, sal jou in staat stel om die finansies wat nodig is vir die nuwe seisoen te reël en alle insette te hê voor planttyd 'n aanvang neem. 🌱

Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.



Inspeksie en diens van trekkers en planters voor plantseisoen

Hoekom moet jou trekker en implement gediens en deurgegaan word voor die plant- of saai- seisoen?

Indien jou trekker breek gedurende hierdie tyd het jy basies twee probleme:

1. Waardevolle tyd gaan verlore.
2. So 'n breek kan vir jou baie geld kos.

As jy nie die trekker se koppelaar-pedaal (*clutch*) se speling nagaan nie, kan die koppelaar begin gly en moet die trekker dan oopgemaak word om dit te laat herstel.

So 'n trekker kan dan ongeveer 3 tot 4 dae staan vir herstel. In daardie tyd kon jy al heelwat

saai of plantwerk gedoen het. Om die koppelaar te vervang of te laat herstel kos baie geld.

As die trekker se waaierband (*fanbelt*) nie nagegaan word nie, kan dit breek en groot skade veroorsaak. Die enjin kan oorverhit en as daar nie gou genoeg gestop word nie, kan dit selfs vasbrand (*seize*). Om so 'n enjin dan te laat herstel kos baie geld en gaan 'n hele paar dae staan.

Voorbeeld van diens en inspeksie

Indien die trekker se ure naby sy dienstyd is, moet dit dan gediens word, en moet daar nie gewag word tot in die middel van planttyd nie, aangesien daar dan waardevolle tyd verlore kan gaan.

Daar word twee soorte dienste op 'n trekker gedoen. Die gewone diens wat tussen 200 en 300 ure vat en die groot diens wat ongeveer elke duisend uur gedoen moet word.

Die 200 tot 300 uur diens

By hierdie diens word net die enjin-olie afgetap. Die ratkas, ewenaar, finale aandrywings en voor-ewenaar olies word net nagegaan.

1. Vervang enjin olie en filters.
2. Vervang diesel filters.
3. Maak lugfilters skoon, indien daar enige twyfel is, moet dit vervang word.
4. Gaan battery water na, maak pole deeglik



Speling by koppelaar pedaal.



Veiligheidskerm by pulley.



Verkoeler moet skoon wees.



Vervang die dieselfilter met dienstyd.



Batterypole moet skoon en vas wees.



Rempedale moet reggestel en saam gekoppel word.

skoon en maak seker dat battery vasgeklamp is.

5. Die verkoeler (*radiator*) moet skoon wees anders kan die trekker warm word.
6. Die watervlak in die verkoeler moet op die regte hoogte wees en moet die regte hoeveelheid *Antifreeze* inhê.
7. Die *fanbelt* moet in 'n goeie toestand wees.
8. Maak seker dat die belt styf genoeg gestel is anders kan dit gly en die enjin kan warm word.
9. Alle rubberpype moet in 'n goeie toestand wees en die *clamps* moet vas wees.
10. Maak seker dat alle wiellaars (*wheel bearings*) reg gestel is, en genoeg ghries in het.
11. Die koppelaar-pedaal moet die regte speling hê of volgens die regte hoogte gestel word.
12. Stel remme dieselfde hoogte sodat dit aan beide kante gelyktydig vat. Pedale moet saam gekoppel word.
13. Maak seker dat die handrem in 'n werkende toestand is.
14. Die bande moet in 'n goeie toestand wees en die regte drukking hê voor en agter.
15. Maak seker dat alle wielboute in en vas is.
16. Maak seker dat voor en agter ligte goed werk sodat die trekker duidelik sigbaar is.
17. Ghries alle ghries *nipples*.
18. Sorg dat drawbar boutte stewig vas is.
19. Maak die trekker in die aand vol diesel, omdat dit sal voorkom dat kondensasie sal plaasvind in die tenk en daar as gevolg daarvan dan water in die brandstofstelsel sal voorkom.
20. Let op vir enige olie, diesel of water lekkasies en herstel dit.

Die groot diens op ongeveer 'n duisend uur moet by die handelaar gedoen word.

Daaglikse en weeklikse roetine

Daar is sekere dinge wat daaglikse en weeklikse na gekyk moet word op jou trekker.

Daaglikse

1. Gaan enjin olievlak na.
2. Gaan verkoeler (*radiator*) se watervlak na.
3. Maak seker die verkoeler is skoon en dat daar geen vullis is wat die luginame versper nie.
4. Gaan na vir enige olie-lekke.
5. Gaan na vir enige diesel-lekke.
6. Gaan die *fanbelt* se toestand na en kyk of dit reg styf gestel is.

Weeklikse

1. Gaan alles soos in daaglikse lys wat opgestel is, na.
2. Gaan *battery terminals* na en maak seker dat dit skoon en vas is.
3. Gaan die battery se watervlakke na.
4. Maak seker dat lugfilters reg en skoon is.
5. Toets remme of dit reg werk.
6. Gaan voorwiel *bearings* vir speling na en stel op indien nodig.
7. Toets lugdruk in al die bande.
8. Gaan koppelaar-pedaal vryspeling na.
9. Ghries alle onderdele soos dit voorgeskryf word.
10. Maak trekker skoon.

Veiligheidswenke vir die trekkerbestuurder

1. Elke trekkerbestuurder moet in besit wees van 'n geldige bestuurslisensie.
2. Geen passasiers mag toegelaat word om saam te ry nie, tensy daar 'n bestaande passasiersitplek is.
3. Alle veiligheidskerms moet in plek wees op die trekker sowel as op die implement. Maak seker dat *PTO shafts covers* oor het.
4. Alle pad regulasies moet gehoorsaam word.
5. 'n Bestuurder mag nie onder die invloed van drank of verdowingsmiddels 'n trekker bestuur nie.
6. Wees altyd versigtig en verantwoordelik en

onthou: 'n Trekker is nie gemaak vir spoed nie, maar vir sy krag.

Inspeksie en herstelwerk op 'n planter/saaimasjien

1. Maak seker dat die trekstangboutte, sowel as alle ander boutte wat die raamwerk vashou, vasgedraai is.
2. Indien dit 'n windaangedrewe planter is, moet die *blower* goed nagegaan word.
3. As dit 'n gravitasiekas tipe is, moet die kas goed deurgegaan word, sodat alles reg werk.
4. Maak die kas deeglik skoon voor en na dit gebruik is.
5. Gaan alle saad en kunsmispype goed deur vir enige lekkasies en maak seker dat dit reg vas is.
6. Die verdelertoring moet nagegaan en skoongemaak word.
7. Herstel die slytasie by al die skaarpunte as dit nodig is.
8. Maak seker dat die drukwiele en die tande reg agtermekaar loop anders kan daar probleme by die saadbedding ontstaan.
9. Onthou om die planter uit die grond te lig as daar gedraai word, anders kan die tande buig.
10. Alle kettings moet nagegaan word en vervang word as daar te veel slytasie voorkom.
11. Gaan *wheel bearings* na en vervang dit waar enige twyfel bestaan.
12. Onderzoek ook die drukwiel *bearings* en stel dit op indien dit nodig is.
13. Ghries alle ghries *nipples* daaglikse, omdat die onderdele in stof werk. 🌧️

Artikel verskaf deur Jurie Blom, Afgetrede Werktuigkundige en Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting stuur 'n e-pos na jurieblm@gmail.com.

Voordele van die aanplant van geneties gemodifiseerde gewasse vir kleinboere



Dukuza proef – plaaslike boere werk as 'n koöperasie.



Dukuza proef – die area wat nie gespuit is nie.



Dukuza proef – die geen-bewerking en skoon lande.



Die skoon lande by die Emangweni proef.



Emangweni proef – Patrick Nxumalo staan op sy perseel.



Mhlungweni proef – skade wat aangerig is deur 'n onverwagte haelstorm.



Mhlungweni proef – pluimvorming by mielies voordat die haelstorm die oes vernietig het.

Met die implementering van studiegroepe regoor die hele land, wat deur Graan SA se Ontwikkelingsprogram vir Boere bestuur word, sien ons die vinnige vooruitgang in die metodes en tegnieke wat deur baie kleinboere gebruik word.

Dit is bemoedigend en inspirerend om te sien hoe opkomende boere die leisels van die huidige moderne tendense opneem. In hierdie artikel sal ons kyk na die resultate en bevindinge van kleinboere proewe in die KwaZulu-Natal provinsie. Daar was tien proewe wat gekoördineer is deur Graan SA se Jurie Mentz, wat hoofsaaklik gefokus het op die voordele van die gebruik van Roundup Ready mielies in samewerking met minimum-bewerkingspraktyke en goeie chemiese beheer.

Dukuza proef naby Bergville, KwaZulu-Natal

Hierdie proef is uitgevoer met behulp van geen-bewerkingspraktyke. Voor planttyd was daar 'n aansienlike hoeveelheid kweek. Vir hierdie proef is Roundup Ready mielies teen 'n plantdigtheid van 45 000 plante/ha geplant. Tydens plant is 1,7 liter/ha Roundup Powamax toegedien. Dit was effektief om die onkruid te brand tot op die punt waar daar baie min kompetisie was teen die tyd dat die mielies opgekom het. Die mielies het goed presteer tydens die aanvanklike groeistadium. Op kniehoogte is nog 1,7 liter Roundup per hektaar toegedien. Dit is gedoen op dieselfde tyd dat die kunsmis topbemesting van 200 kg KAN/ha toegedien is.

Teen ongeveer 60 dae was daar 'n herhaling van die kweek, asook die onkruid wat algemeen bekend staan as "morning glory", dus is nog 1,7 liter/ha Roundup, asook 24D wat saam gemeng is, toegedien. Die proefresultate was goed indien die groot hoeveelheid onkruid tydens planttyd in oorweging geneem word. As 'n terugblik

sou dit beter gewees het indien 'n dosis Roundup 2 weke voor planttyd toegedien was.

Belangrik:

- Die proef het bevestig dat geen groot, duur masjinerie nodig was om die GM saad met geen-bewerkingstoestande te plant nie.
- Aanplanting is gedoen met behulp van 'n handplanter. Hierdie planter het 'n saadsak wat oor die skouer hang en wanneer die pik die grond penetreer, word 'n saadpit teen 'n voorafbepaalde diepte geplant.
- Al die bespuiting is met die hand gedoen met rugsakspuite.
- Geen trekker het op die land gekom nie en daar is steeds 'n goeie oes behaal met behulp van hedendaagse produkte.

Emangweni proef naby Estcourt, KwaZulu-Natal

Hierdie proef is gedoen op die perseel van Patrick Nxumalo wat reeds vir 5 jaar 'n lid van die Emangweni Graan SA studiegroep is en sy boerderypraktyke aansienlik verbeter het oor die jare.

Die perseel is voorberei en bewerk met behulp van slegs 'n dis. Dit is daarna geplant met die handplanter met Roundup mieliesaad teen 'n plantestand van 45 000 plante/ha. Omdat die land ge-dis was, was daar geen behoefte aan 'n chemiese toediening nie. Nadat die onkruid opgekom het, is 1,7 liter Roundup Powamax toegedien in samewerking met 'n Karate plaagdoder. Veertig dae later, is nog 1,7 liter Roundup toegedien met 'n klein persentasie 24D bygevoeg by die mengsel. Die onkruid was nie oorweldigend nie, maar was duidelik sigbaar op die perseel. Volgende is 200 kg KAN as 'n topbemesting toegedien toe die mielies 30 cm hoog was. Al die bespuiting is ook met die hand op die perseel gedoen met behulp van 'n rugsakspuit.

Opmerkings:

- Mnr Nxumalo het 'n goeie oes op die proefperseel behaal.
- Die Roundup chemikalieë en die Roundup saad het goed presteer.
- Die lede van die Emangweni studiegroep is ook opgewonde om te begin met die gebruik van die produkte op hul grond hierdie komende seisoen.

Mhlungweni proef naby White Mountain, KwaZulu-Natal

Hierdie proef is geplant op een van die groter persele wat deur Mnr Mtshali van die Ntabamhlope



Graan SA gesels met... Daliwonga Nombewu

studiegroep bestuur is. Die is aangeplant met Roundup Ready mielies en 'n trekker en dis is gebruik, maar bespuiting is met die hand gedoen.

Tydens planttyd is 1,7 liter/ha Roundup Powamax, asook 100 ml/ha Karate toegedien. Die gewas het besonder goed gegroei en die onkruid is effektief onderdruk. Op 35 dae was daar 'n paar opkomende onkruid, veral watergras en kweek. Om hierdie rede is nog 1,7 liter/ha Roundup en Cervion mengsel toegedien.

Waarneming:

Die chemikalieë het uitstekend gewerk en die oes was baie belowend, totdat 'n onverwagse haelstorm erge skade aangerig het tydens die graanvulling stadium. Ongelukkig is die belowende oes verlore en geen verdere evaluering kan op die proef gedoen word nie.

Algemene opmerkings

- Op al die proefpersele was daar belowende en bemoedigende tekens van hierdie praktyke.
- Baie van die tien proewe was suksesvol in die eerste jaar.
- Die mees belowende gevolg van alles was die positiewe houding wat alle studiegroeplede gehad het oor die potensiaal vir hul kleinhoewes met die gebruik van moderne produkte soos Roundup.

Wanneer Roundup chemikalieë gebruik word, is dit belangrik om te onthou:

- Roundup chemikalieë moet slegs op gesertifiseerde Roundup ready saad gebruik word.
- Die enigste tyd wanneer dit veilig is om Roundup chemikalieë te gebruik sonder Roundup saad, is wanneer dit gebruik word as 'n brandbehandeling 'n paar weke voor die tyd.
- Die beste tyd om Roundup te spuit, is wanneer onkruid in hul groeistadium is en sowat 10 cm hoog is.
- Dit het ook die beste effek wanneer die onkruid groen is en nie onder druk is nie.
- Roundup is 'n nie-selektiewe chemiese middel en sal dus 'n impak hê op die meeste, indien nie alle onkruid nie, op die land.
- Dit is absoluut noodsaaklik om skoon water en 'n buffer bymiddel te gebruik wanneer die chemikalieë gemeng word, omdat dit onaktief kan raak as die pH-vlak nie korrek is nie as gevolg van vuil water.
- Onthou:
 - Hanteer chemikalieë altyd met sorg;
 - Hou dit weg van kinders; en
 - Was jou hande nadat jy dit gebruik het.

Artikel verskaf deur Gavin Mathews, Baccalaureus in Omgewingsbestuur. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na gavmat@gmail.com.



Ontmoet Daliwonga Nombewu, 'n jong, toegewyde boer van die Tsolo-gebied in die Oos-Kaap. Daliwonga het ten doel om 'n kommersiële boer in vyf jaar se tyd te wees en wil werk skep vir die werkloses, dus die verbetering van die ekonomie van die land.

Waar en op hoeveel hektaar boer jy? Waarmee boer jy?

Ek boer op Gungululu in Tsolo, (Mhlonlto Plaaslike Munisipaliteit, Oos-Kaap Provinsie). Ek het hierdie seisoen 8 hektaar mielies geplant en die komende seisoen sal ek 58 hektaar mielies produseer, alles met die hulp van my plaaslike hoofman en die gemeenskap, wat 50 hektaar grond wat vir 25 jaar nie gebruik was nie, aan my toegeken het.

Wat motiveer/inspireer jou?

My ma motiveer my. Sy maak 'n lewe uit die verbouing van groente en mielies op 2,5 hektaar grond. Ek het haar elke dag na skool gehelp met die plant, asook natgooi (met die hand).

Beskryf jou sterkpunte en swakpunte

My sterkpunte: Toewyding en verbintenis tot die boerdery en verbouing vir wins is my sterkpunt. Ek het ook doelwitte gekoppel aan tyd.

My swakpunte: My enigste swakhede is toegang tot finansiering en die gebrek aan kommersiële besigheidsvaardighede.

Wat was jou opbrengs toe jy begin boer het? Wat is jou onderskeie opbrengs nou?

Toe ek begin boer het, het ek 3 ton/ha geproduseer en nou produseer ek 5 ton/ha.

Wat dink jy is die grootste bydraer tot jou vordering en sukses?

Die aankoop van masjinerie en relevante gereedskap vir produksie en kontrakwerk, het my ervaring gegee. Die raad wat ek ontvang van Graan SA, asook die kursusse wat aangebied word, het bygedra tot my sukses.

Watter opleiding het jy tot op datum ontvang en watter opleiding sal jy graag nog wil doen?

Ek het die Inleiding tot Mielieproduksie, die Trekker Instandhoudingskursus en die Kontrakteurskursus voltooi. Ek wil nog die Plaasbestuur en Boekhou kursusse voltooi.

Waar sien jy jouself oor vyf jaar? Wat sal jy graag wil bereik?

Oor vyf jaar wil ek 'n kommersiële boer wees wat meer as 5 ton/ha mielies produseer.

Watter raad het jy vir jong aspirantboere?

So jonk as wat ek is, wil ek graag dat ander in my voetspore sal volg deur hulle eie besigheid te bedryf en deur werk te skep vir die werkloses, sodat ons die ekonomie van die land kan verbeter.

Artikel verskaf deur Lawrence Luthango, Ontwikkelingskoördineerder van die Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na lawrence@grainsa.co.za.

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN
Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324
Collinsstraat 7, Arboretum
Bloemfontein
▶ 08600 47246 ◀
▶ Faks: 051 430 7574 ◀ www.grainsa.co.za

HOOFREDAKTEUR
Jane McPherson
▶ 082 854 7171 ◀ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING
Liana Stroebel
▶ 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK
Infoworks
▶ 018 468 2716 ◀ www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:
Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS
Danie van den Berg
Vrystaat (Bloemfontein)
▶ 071 675 5497 ◀ danie@grainsa.co.za

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
▶ 079 497 4294 ◀ johank@grainsa.co.za
▶ Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatso Nyambose

Jerry Mithombothi
Mpumalanga (Nelspruit)
▶ 084 604 0549 ◀ jerry@grainsa.co.za
▶ Kantoor: 013 755 4575 ◀ Nonhlanhla Sithole

Naas Gouws
Mpumalanga (Belfast)
▶ 072 736 7219 ◀ naas@grainsa.co.za

Jurie Mentz
KwaZulu-Natal (Vryheid)
▶ 082 354 5749 ◀ jurie@grainsa.co.za
▶ Kantoor: 034 980 1455 ◀ Sydwell Nkosi

Ian Househam
Oos-Kaap (Kokstad)
▶ 078 791 1004 ◀ ian@grainsa.co.za
▶ Kantoor: 039 727 5749 ◀ Luthando Diko

Lawrence Luthango
Oos-Kaap (Mthatha)
▶ 076 674 0915 ◀ lawrence@grainsa.co.za
▶ Kantoor: 047 531 0619 ◀ Cwayita Mpotyi

Liana Stroebel
Wes-Kaap (Paarl)
▶ 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za
▶ Kantoor: 012 816 8057 ◀ Melercia Kotze

Du Toit van der Westhuizen
Noordwes (Lichtenburg)
▶ 082 877 6749 ◀ dutoit@grainsa.co.za
▶ Kantoor: 012 816 8038 ◀ Lebo Mogatlanyane

Vusi Ngesi
Eastern Cape (Maclear)
▶ 079 034 4843 ◀ vusi@grainsa.co.za
▶ Kantoor: 012 816 8070 ◀ Sally Constable

'n NUWE JY - bereik nuwe hoogtes!

Voel jy gestres? Gefrustreerd? Bekommerd? Angstig? Ongemotiveerd? Almal van ons beleef een of ander tyd sommige van hierdie gevoelens. Navorsing het getoon dat werknemers wat probleme het, hul werkgewers 20% - 25% van hul jaarlikse inkomste aan verlore produksie kos.

Wat bedoel ons met emosionele welstand en waarom behoort dit vir jou belangrik te wees?

Baie mense dink, "Dit is net hoe ek is", of "Ek dink ek sal daarmee moet saamleef, want dit is so goed as wat dit kan wees". Sommige mense glo dat emosionele gesondheid 'n veraf droom is wat baie mense wil hê, maar baie min bereik!

Emosionele gesondheid of welstand is om totale vrede te hê oor wie jy is, wat jy doen en waar jy gaan, beide as individu en in verhouding met die mense rondom jou – ook in die werkplek!

Dit is 'n gevoel van vrede met die verlede, hede en toekoms van jou lewe.

Die lewe moet nie emosionele pyn wees nie. In teenstelling met wat baie mense dink, is emosionele gesondheid net so prakties en haalbaar as fisiese gesondheid. Geestelik, emosioneel en geestelik, mens moet behoorlik versorg wees.

Indien jy nie emosioneel gesond is nie (om "ongelukkig" te wees) kan lei tot die volgende:

- By die werk, maar tog afwesig;
- Onbevredigende werksverrigting;
- Verlies aan konsentrasie;
- Gebrek aan motivering en energie;
- Moegheid en onverskilligheid;
- Negatiewe uitwerking op kommunikasie en verhouding by die werk;
- Diefstal en bedrog;
- Emosionele uitbarstings en onaanvaarbare gedrag; en
- Deurlopende afdankings en vervanging van personeel.

In die volgende artikels sal ons jou op 'n reis neem om nuwe hoogtes in jou emosionele wel-

stand te bereik. Ons sal jou kaartjie wees na emosionele gesondheid!

Ons reis na 'n emosioneel gesonde nuwe jy sal begin met 'n blik op hoe jy konflik in jou lewe hanteer en die invloed wat dit op jou het – by die huis asook in die werkplek. Kommunikasie begin en eindig by jou.

Ons tweede punt sal fokus op dwelmmisbruik en die redes waarom ons dikwels beter voel na die drankie, hoewel ons probleme groter lyk in die oggend. Ons sal jou voorsien met alternatiewe strategieë om verligting te bied wanneer dit swaar gaan.

Derdens sal ons fokus op gesonde familie-verhoudings en hoe jou eie emosionele toestand jou familie beïnvloed, maar ook omgekeerd.

Ons vierde bestemming langs ons reis sal 'n nader kyk gee oor hoe jy jou stresvlakke kan bestuur...ja, stres kan bestuur word!

En laastens, om jou emosionele gesondheid te verseker, beteken ook om jou finansiële situasie in ag te neem. Dikwels kan gevoelens van ontoereikendheid gekoppel word aan hoe jy jou huidige finansiële stand van sake sien.

Sluit by ons aan op hierdie ongelooflike reis om nuwe hoogtes te bereik...emosionele gesondheid kan joune wees – kom ons maak dit gebeur!

PROCARE is 'n nasionale vereniging van psigo-sosiale professionele mense in private praktyk. Die PROCARE span bied 'n dinamiese, diverse en holistiese benadering tot psigo-sosiale kwessies. PROCARE lewer 'n wye verskeidenheid berading, opleiding en lewensvaardighede programme.

Artikel verskaf deur Petra Nel van PROCARE.
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na petra@procare.co.za of kontak PROCARE by 0861 7762273 of 021 873 0532.



HIERDIE PUBLIKASIE IS MOONTLIK GEMAAK DEUR DIE BYDRAE VAN DIE MELIETRUST